NUUSBRIEF
JUNIE 2019

Worcester House of HOPE
Restoring Hope to the Hopeless
(050-469 NPO)

LIEWE HOUSE OF HOPE VRIENDE

VAN LENELLE VILJOEN (BESTUURDER) SE KANT ….

LENELLE VILJOEN

Dis 'n paar maande sedert ons Desember nuusbrief en so baie het intussen gebeur. Voorwaar is hier nooit 'n 'dull moment' by Worcester House of Hope nie. Die Here is so goed vir ons en ons is so geseënd!

Daar is nog steeds 'n behoefte aan 'n Fase 2 huis en ons kan regtig doen met 'n tweede voertuig. Dit is partymaal uitdagend met net een voertuig.

Ek is baie trots op die personeel van Worcester House of Hope. In die tydperk wat ek Bestuurder by Worcester House of Hope is, het ek gesien hoe elke personeellid gegroei het. Dankie vir julle harde werk en toewyding en passie vir wat julle doen!

ANGELIQUE SMITH

BESTUUR - WORCESTER HOUSE OF HOPE

Henzil Apollis (wat 3 jaar op ons Bestuur was) het bedank as bestuurslid weens persoonlike verpligtinge, ons wil hom opreg bedank vir al sy insette en ondersteuning terwyl hy deel was van Bestuur.

Angelique Smith is verkies as Voorsitter op die Bestuur, soos meeste van u weet is sy Maatskaplike Werker by Worcester hospitaal. Sy het baie kennis om met ons te deel en is 'n groot aanwins vir ons Bestuur. Ons sê totsiens aan Henzil en baie welkom aan Angelique.

MADELEIN PRINS

Johnny Willemse (wat al vanaf WHOH se stigting betrokke is) en wat afgelos het as Voorsitter as nodig, het bedank as bestuurslid. Baie dankie Johnny vir die kere wat jy afgelos het as Voorsitter en vir jou toegewydheid tot WHOH. Reinette De Jager het ook bedank as bestuurslid. As sekretaresse van ons Bestuur het sy geen moeite ontsien en was altyd bereid om te help en die ekstra myl te loop. Jy is 'n staatmaker Reinette! Baie dankie Thys Blom (tesourier), jy is so 'n aanwins vir WHOH. Dankie vir jou kennis, wysheid en ervaring wat jy met ons deel.

HUISMOEDERS

Daar was 'n bietjie verandering wat ons personeel ook aanbetref. Liesl Ferus het ons verlaat as aflos huismoeder en Madelein Prins het in haar plek by ons aangesluit. Ons wens Liesl net die beste toe vir haar toekoms en vir Madelein wil ons hartlik verwelkom by Worcester House of Hope se span.

MAGRIETA JACOBS

MAGRIETA JACOBS (SENIOR HUISMOEDER)

Met die eerste kwartaal van 2019 wat verby is, is ons aan die gang. Ek is net so dankbaar teenoor God vir Sy seën oor House of Hope en aan die gemeenskap van Worcester en omliggende dorpe. 'n Groot opregte dankie!

FROM ONE OF OUR RESIDENTS …

I just want to say thank you to House of Hope for everything that they have done for me. House of Hope means a lot to me, being here in the house gave me a chance to be a better mother for my children and all together become a better person. The staff here are very dedicated and loving and committed to the growth of every individual. House of Hope gave me a chance in life, sending me for computer classes (at Creative Minds) and currently I am busy with a homebase care course, enabling me to create a life and future for me and my children once we have left the house. I want to thank the loving staff at Worcester House of Hope from the bottom of my heart for all they have done, for their help and their love and for having patience with me. THANK YOU HOUSE OF HOPE … WITH LOTS OF LOVE … FROM ME … MAY GOD BLESS YOU NOW AND FOREVER!!!

VAN DIE KANTOOR SE KANT …

Ons het verskeie fondsinsamelings ook gehad hierdie kwartaal, onder andere Ellen Pakkies wat by Worcester Gimnasium haar storie met ons kom deel het. Wat 'n inspirasie vir ons almal. Die voorprogram was Ying-Shan Tseng wat die gehoor vermaak het met haar engelstem en pragtige klavierspel. Die hele aand was 'n reuse sukses!

ELLEN PAKKIES

YING-SHAN TSENG

Lenelle (Bestuurder) en Magrieta (Senior Huismoeder) het op die 19de Mei 'n praatjie gaan hou by die NG Moedergemeente Rawsonville om hulle bewus te maak van WHOH en wat ons hier doen. Dominee WP het ingewillig dat ons 'n spesiale kollekte hou vir WHOH in die toekoms.

Bea De Klerk het vir die personeel opleiding sessies aangebied waarby die personeel baie baat gevind het. Bea het ook ingestem om vir 'n maand in te staan vir Isobel Botha, ons Maatskaplike Werker, wat op siekverlof was. Baie dankie Bea dat jy bereid was om ons uit te help, ons waardeer dit opreg.

Benita Terblanche, een van WHOH se 'volunteers' het vanaf 5 tot 14 April die Tankwa Camino gestap. Vanjaar se roete het gestrek oor 265km vanaf Calvinia tot Ceres. Alhoewel Benita die staptog gedoen het vir persoonlike verryking, het sy ook van hierdie geleentheid gebruik gemaak om fondse in the samel vir WHOH en om mense bewus te maak van die dienste wat WHOH lewer. Baie dankie Benita, jy is in alle opsigte 'n inspirasie vir ons almal!

BENITA TERBLANCHE

Ons tweede motorhuis het begin April beskikbaar geword vir ons gebruik. Ons het besluit om dit in te rig vir die meisies om hulle 'crafts' daar te doen asook te 'gym'. Ons is baie opgewonde oor hierdie nuwe ontspannings spasie.

Ons is bly om te kan sê dat ons 'n baie suksesvolle lootjie trekking gehad het, daar was heerlike pryse om te wen. Dankie aan almal wat help lootjies verkoop het, ons het 'n mooi bedrag ingesamel. Dankie ook aan die publiek vir julle ondersteuning.

Ons het ook weereens ons 'famous' vetkoek verkope gehad wat altyd 'n sukses is. Baie dankie aan die NG Moederkerk wat altyd bereid is om hulle fasiliteite aan ons beskikbaar te stel vir die bak van die vetkoeke.

Aan al die individue en instansies wat 'n donasie of skenking gemaak het, ons opregte dank!

VETKOEK VERKOPE

JAARVERGADERING

Ons Jaarvergadering vind plaas op 3 September 2019. Ons nooi almal hartlik uit om dit by te woon. Die plek waar hierdie vergadering sal plaasvind, sal nader aan die tyd bevestig word.

NOG DANKIES:

VOLUNTEERS

Baie dankie aan elke volunteer wat ons gereeld bystaan. Dis wonderlik om met sulke vriendelike mense te werk wat altyd bereid is om te gee en te help. Julle maak ons taak soveel makliker!

Aan ons volunteers wat ons op 'n weeklikse basis uithelp, baie baie dankie!

Spesiale dank aan Estelle ('inner healing' sessies), Mev Buys (naaldwerk sessies), Claudia ('craft' sessies), Tannie Burger (brei sessies), Mella (Zumba klasse) en Samantha ('quilting' sessies). Ons waardeer wat julle doen vir Worcester House of Hope opreg!

KERKE

Baie dankie aan die plaaslike kerke wat finansiële bydraes gelewer het tot ons werksaamhede. Worcester House of Hope is altyd bereid om praatjies te kom gee vir groter bewusmaking van aangeleenthede rakende mishandeling in die gemeenskap. Aan elke individu wat ons wanneer moontlik ondersteun, baie baie dankie. U versterk ons hande.

RCL FOODS

Baie dankie vir al die skenkings sover die jaar en ook u voortgesette ondersteuning in 2019!

OUR WISHLIST

- **Donasies (finansiële hulp)**
- **Babadoeke (‘n groot nood by die huis)**
- **Babamelk**
- **Tweedehandse klere**
- **Toiletware**
- **Nie bederfbare voedsel**

Indien u ‘n donasie wil maak, ons bankbesonderhede is as volg:

Worcester House of Hope
Standard Bank Worcester
Rekeningnommer : 386256055
Takkode : 05040741

Enige donasie is welkom! Fondse is altyd ‘n groot kopseer, aangesien ons fondse nodig het vir salarisse en die dag tot dag bedrywighede van Worcester House of Hope

LET ASSEBLIEF DAAROP DAT ONS GEREGISTREER IS VIR ARTIKEL 18A KWITANSIES VIR BELASTINGDOELEINDES!!

HOW TO CONTACT US:

Address : Private Bag 3105
Suite 39
WORCESTER
6849
Phone : 023 3423167 (Office hours – 08:00 to 15:00)

E-mail : cwhouseofhope@gmail.com

Web : www.whoh.co.za

Facebook : Worcester House of Hope

You may also contact our Manager, Lenelle Viljoen at:

Phone : 023 342 3167 or 082 4748269

Psalm 127 : Unless the Lord builds the house, they labour in vain who build it;
Unless the Lord guards the city, the watchman keeps in vain.